

## Skrifgedeelte: Genesis 32

### Fokusverse: Genesis 32:26-28

#### Tema: As God voor jou kom staan in jou geloofsworsteling.

Waaroor stoei jy met die Here? Dalk moet ons eerder vra: wat bid jy wanneer jy besig is met die Here in gebed? Paulus leer ons dat ons in alles ons begeertes aan die Here moet bekend maak in gebed en deur dit wat Jesus Christus vir ons aan die kruis gedoen het, mag en kan ons alles van die Here vra in gebed. Tog gebeur dit dikwels dat ons, wanneer ons bid, meestal fokus op dit wat die Here vir ons kan doen of kan gee: reën wanneer dit droog is, kennis wanneer ons eksamen skryf, geduld en krag om ons werk te doen of geld wanneer ons in die knyp is.

Dit is goed dat ons hierdie dinge aan die Here bekend maak in ons gebede, maar dikwels gaan ons gebede nie verder as dit nie. Dit gebeur baie selde dat ons in gebed bloot net vir God vertel hoe wonderlik en goed Hy is. Ons vergeet dikwels om dankie te sê vir soveel genade wat die Here vir ons gee en dikwels dink ons nie eens daaraan om in gebed te smee dat die Heilige Gees ons sal vervul en sal lei nie.

Hieroor leer ons iets besonders wanneer God voor Jakob kom staan in sy geloofsworsteling. `n Geloofsworsteling is wanneer jy met die Here stoei omdat Hy besig is met iets in jou lewe wat jy nie kan verstaan nie. Só was die Here met Jakob besig. In Genesis 31 hoor ons hoe Jakob vir sy vrouens vertel dat die Engel van die Here aan hom verskyn het en hom die opdrag gegee het om terug te gaan Kanaän toe. En dan hier, vroeg in Genesis 32, hoor ons dat Jakob oppad Kanaän toe is en dat hy van sy mense stuur om vir Esau, sy broer, in te lig dat Jakob oppad is en dat hy wil vrede hê.

Jakob se mense kom egter terug en vertel hom dat Esau klaar oppad is na Jakob toe met 400 man. En dan raak Jakob bang en begin planne maak. Die aand, nadat hy die planne gemaak het en sy vrouens, kinders en besittings klaar deur die Jabbokspruit is en hy alleen agter bly, begin hy met God stoei. En die geloofsworsteling is dit: hoekom beveel die Here hom om terug te trek Kanaän toe, maar dan kom sy broer hom vyandig tegemoet?

Hierdie gestoei tussen God en Jakob was nie maar net bloot `n fisiese geveg wat die Here hier met Jakob aangeknoop het nie. Jare later wys die profeet Hosea na hierdie gebeure wanneer hy vir die volk Israel moet wys hoe dinge in hulle verhouding met die Here staan. Dan sê Hosea die volgende in hoofstuk 12:4-5:

*"Nog voor sy geboorte het hy al sy broer onderkruip en as volwasse man het hy met God gestoei. Jakob het met `n Engel gestoei en gewen. Jakob het gehuil en van God hulp verwag..."*

Hierdie geveg tussen God en Jakob was dus aan die een kant `n fisiese gestoeiery, maar aan die ander kant ook `n geestelike worsteling waarin Jakob gehuil het en gebed het. Dit was `n geveg waarin God met Jakob gestoei het, maar waar God ook vir Jakob gestoei het. Dit is amper asof die Here hier met die een hand teen Jakob baklei, maar met die ander hand help hy Jakob om teen God te baklei.

Daar is nie `n oomblik wat God vir Jakob alleen los nie. Alles behalwe! Op hierdie manier maak God die geveg tussen Hom en Jakob al hoe meer intens en al hoe langer totdat Jakob só moeg is dat hy

bloot net aan die Here kan vashou en weier om Hom te los. Wanneer die son opkom is Jakob só moeg van die hele aand se gestoei en gebed met die Here dat hy bloot net kan vashou en kan sê dat hy weier om God te los. Hy sal nie ophou om met die Here te worstel as die Here hom nie gaan seën nie.

Dit is juis hier, waar Jakob op sy moegste is, wat God sy genade aan Jakob duidelik maak met `n eenvoudige vraag en antwoord: "Wat is jou naam?" Met hierdie vraag en met die antwoord wat Jakob gee, laat die Here vir Jakob terug kyk op sy hele lewe. Want sien, `n naam was nie maar net nog `n naam in die tyd van die Ou Testament nie. `n Naam het betekenis gehad en het iets vertel van die persoon se lewe en geaardheid. Die naam Jakob beteken "bedrieër" en dit is presies wie en wat Jakob was. Hy het mense belieg en bedrieg só ver as wat hy gegaan het, sodat dit met hom goed kan gaan.

Kyk maar na sy lewe tot op hierdie punt: as kind bedrieg hy sy broer en koop hy Esau se eersgeboortereg by hom vir `n pot lensiesop. Daarna steel hy Esau se erfposisie as oudste seun deurdat hy sy pa bedrieg en hom as Esau vermom. Dan, wanneer hy by sy oom Laban gaan werk, bedrieg hy vir Laban ook deur te sorg dat al Laban se skape net bont, gevlekte en gestreepte lammers het sodat Jakob dit kan kry. En elke keer wat Jakob tot God gebid het, was dit om God te vra om hom te help met een of ander saak, sodat dit goed met Jakob sal gaan.

In hierdie geveg begin Jakob leer dat dit nie net oor hierdie alledaagse besittings gaan in die lewe nie. God worstel só met Jakob dat hy op die einde bloot net pleit dat die Here hom sal seën en die seën is dat sy naam verander word na Israel. God gee op hierdie oomblik vir Jakob `n nuwe lewe, `n nuwe identiteit en só leer Jakob homself ken nie meer as `n bedrieër nie, maar as `n oorwinnaar. Die naam Israel beteken "God baklei" of "God oorwin" en dit wys daarop dat hy aan die een kant met God baklei het en gewen het, maar aan die ander kant ook dat God vir hom baklei en oorwin.

Wanneer Israel dan die volgende dag verder trek verander sy hele visie en lewensdoel. Hy begin om al hoe meer God se hand in alles raak te sien. Hy noem byvoorbeeld die plek waar hy en God geworstel het Pniël, want hy het God gesien en tog nie gesterf nie. Wanneer hy in Kanaän aankom koop hy grond en noem dit "Die God van Israel is God" en wanneer hy weer by Bet-El kom vernietig Jakob al die afgodsbeeldjies wat sy gesin gehad het, bou `n altaar vir die Here en bring offers vir die Here.

Juis dit is wat só wonderlik is as God voor ons kom staan in ons geloofsworsteling: ons loop nie daar weg as dieselfde mense nie. Maar dan moet ons ook daar wees om met die Here te worstel! Dit beteken dat ek werklik ernstig moet wees oor my verhouding met die Here en dat my verhouding met Hom die eerste prioriteit in my lewe moet kry. Wanneer ek dus met moeilike dinge gekonfronteer word, moet Hy die eerste Persoon wees na Wie toe ek gaan en met Wie ek hieroor praat. Ek moet die heelyd daarvan bewus wees dat ek in sy teenwoordigheid lewe en dat Hy werklik weet wat in my lewe aan die gang is.

Juis dan sal ek werklik met die Here worstel in gebed! Wanneer ons werklik met die Here worstel in gebed en onself sien soos God ons sien, kan ons nie dieselfde daarvan weg gaan nie. Daar is twee redes daarvoor:

Die eerste rede is omdat ons dan beleef hoe God saam met ons veg deur die Heilige Gees. Paulus leer ons in Romeine 8 dat ons dikwels nie weet hoe of wat om te bid nie, maar die Heilige Gees pleit vir ons met versugtinge wat nie gesê word nie. Selfs in my diepste worsteling met die Here oor dit waarmee Hy in my lewe besig is of in my diepste worsteling oor die sonde en stukkende wêreld waarin ek leef, laat God my nie alleen nie, maar stoei Hy saam met my deur die Heilige Gees.

Dit is ook die Heilige Gees wat ons verander en aan ons `n nuwe lewe gee en elke keer wat ons bid en ons harte voor die Here uitstort, maak die Heilige Gees hierdie nuwe lewe meer en meer `n realiteit vir ons. Hoe meer ek met die Here in gebed worstel, hoe meer leer ek myself ken soos wat God my nou sien in Jesus Christus.

Die tweede rede is omdat ons gekonfronteer word met wie Jesus Christus vir ons is! Dit is juis mos omdat Jesus Christus klaar oorwin het dat elkeen van ons ook meer as oorwinnaars is deur Hom wat vir ons liefhet. Jesus Christus het vir ons die pad ooggemaak, sodat ons hierdie nuwe identiteit deur die Heilige Gees kan ontvang. Wanneer ons in gebed met die Here worstel, leer ons vir Jesus Christus ken, nie net as ons Verlosser nie, maar ook as ons Hoëpriester wat vir ons intree by God en wat vir ons die pad ooggemaak het om met vrymoedigheid na die genadetroon van God te gaan, sodat ons op die regte tyd barmhartigheid en genade kan ontvang.

Wanneer God voor ons kom staan in ons geloofsworsteling, gee Hy aan ons `n onbeskryflike rykdom - `n geseënde, nuwe lewe waarin ek meer as `n oorwinnaar is in en deur Jesus Christus. Juis dan beleef ek hoe God deur die Heilige Gees saam met my worstel om sin te maak van dit waarmee die Here in my lewe besig is. Juis daarom wil ek alles in gebed met smeking en danksegging aan die Here bekend maak - nie net my behoefte vir die alledaagse dinge in my lewe nie, maar veral die wonderlike dinge wat die Here vir my doen en Wie Hy vir my is.

Amen